# DIE SKEPPINGSEISOEN- 2023

Week 1

---

## VANAF DIE KRUIS VLOEI DAAR GEREGTIGHEID VIR DIE HELE SKEPPING

---

As Christene word ons ook daartoe geroep *"om die wêreld te aanvaar as 'n sakrament van gemeenskap, as 'n manier om op wêreldwye vlak met God en ons naaste te deel. Dit is ons nederige oortuiging dat die goddelike en menslike mekaar in sowel die kleinste detail van die naatlose kleed van God se skepping as in die geringste stofdeeltjie van ons planeet ontmoet."*
Laudato Si, par. 8

# DIE SKEPPINGSEISOEN- 2023

Week 2

---

## GEREGTIGHEID BETEKEN OM IN HARMONIE MET GOD SE SKEPPING TE LEEF

---

*"Die klimaat krisis is ten diepste 'n geestelike krisis. Dit vra dat ons as Christene pogings sal aanwend om die stand van ons omgewing te evalueer, en weereens in kinderlike verwondering voor die grootsheid en skoonheid van God se gawe te staan."* Aartsbiskop Dermot Farrell

# DIE SKEPPINGSEISOEN- 2023

Week 3

---

**OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED**

---

*"Daar bestaan 'n duidelike verband tussen die bewaring van die natuur en die opbou van 'n regverdige en gelyke samelewing. Daar kan geen vernuwing in ons verhouding met die natuur plaasvind, sonder 'n vernuwing van die mensdom nie"* Pous Franciskus

# DIE SKEPPINGSEISOEN- 2023

Week 4

---

**DIE REGTE MANIER VAN OMGAAN MET GOD SE SKEPPING**

---

Ons is nie God nie. Die aarde was alreeds daar voordat ons bestaan het en dit word as gawe aan ons gegee. 'Die Here God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas.' (Genesis 2:15). Ons is die bewakers en versorgers van die tuin van die wêreld.

# DIE SKEPPINGSEISOEN- 2023

Week 5

## DIT IS GOD SE WIL OM REG AAN DIE SKEPPING TE LAAT GESKIED

*"Om ons versoening met die skepping te verwesenlik moet ons ons lewens ondersoek en erken hoe ons God se skepping deur ons aksies en onvermoë om dit stop te sit beskadig het. Ons moet 'n bekering, 'n verandering van die hart ervaar. In die eerste plek beteken dié bekering om met dankbaarheid die wêreld as 'n liefdegawe van die Vader te erken."* Laudato Si, par. 218, 220.